DEEL 118 | WEEK 15 | 10 APRIL 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Eskom trek streep: Ngwathe moet betaal of ligte gaan af

Die Ngwathe-munisipaliteit se skuld aan Eskom het intussen tot meer as R2,9 miljard gegroei, terwyl die kragvoorsiener gedreig het om kragtoevoer te beperk indien nuwe ooreenkomste nie betyds bereik word nie.

Eskom het reeds op 6 Maart openbare kennisgewings uitgereik waarin hy sy voorneme bekend gemaak het om die kragtoevoer aan verskeie Vrystaatse munisipaliteite vanaf 8 Mei te beperk of te onderbreek indien daar nie nuwe ooreenkomste gesluit word nie.

Ngwathe, wat dorpe soos Parys, Heilbron, Vredefort, Koppies, Edenville en Phiritona insluit, is een van vier munisipaliteite in die Vrystaat wat agterstallige skuld aan Eskom het.

Volgens beskikbare inligting het Ngwathe se skuld sedert 2023 met meer as R1,2 miljard toegeneem, ondanks die feit dat die munisipaliteit deel is van die nasionale tesourie se skuldverligtingsprogram.

Ingevolge dié program kan Eskom 'n gedeelte van munisipale skuld oor drie jaar afskryf, mits die munisipaliteit sy lopende kragrekeninge betyds betaal. Indien die voorwaardes nie nagekom word nie, kan die munisipaliteit uit die program verwyder word.

Die nasionale tesourie het glo reeds Ngwathe ingelig dat sy deelname aan die skuldverligtingsprogram beëindig kan word indien daar nie betyds sekere ooreenkomste met Eskom gesluit word nie. Een van die opsies wat oorweeg word, is 'n sogenaamde verspreidingsagentskap-ooreenkoms (DAA), waar Eskom die kraginfrastruktuur, fakturering en invordering van elektrisiteitsgelde sal bestuur.

Volgens raadslid prof. Jan Meyer is daar egter besluit om eerder 'n tussentydse ooreenkoms met Eskom aan te gaan wat tot voordeel van beide partye kan wees, terwyl verdere onderhandelinge plaasvind. Hy het aangedui dat die nasionale tesourie die munisipaliteit aangeraai het om nie op hierdie stadium die DAA-ooreenkoms in sy huidige vorm te onderteken nie.

Een van die grootste probleme bly swak invordering van elektrisiteitsrekeninge. Daar word beraam dat die invorderingskoers tans slegs tussen 38% en 40% is, wat 'n groot bydraende faktor tot die munisipaliteit se finansiële probleme is.

Daar is ook kommer oor die munisipaliteit se hoë salarisrekening, met sowat R246,9 miljoen per jaar wat aan salarisse bestee word, terwyl dienslewering onder druk bly.

Die munisipale raad het reeds besluit om verder met Eskom en die nasionale tesourie te onderhandel oor moontlike oplossings om die skuldkrisis te bestuur en kragonderbrekings te voorkom.

Die situasie bly egter kritiek, en inwoners van Ngwathe – insluitend Heilbron – kan moontlik in die komende maande kragbeperkings ervaar indien 'n volhoubare oplossing nie bereik word nie.

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
082 552 9261 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

BKB
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491



Waar sake elke keer die eerste keer reg gedoen word!

NOVON PROTECTA
JCB
Johnny Claassen - 082 779 3417
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!
Eben Claassen - 072 581 7627
HIGH FERT KUNSMIS

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Waarom huiswerkies kinders sterker maak



*• Elmarie Els-Hammann*

Deur die kwartaal kan ouers hul kinders betrek by eenvoudige huiswerkies wat nie net help om die huishouding glad te laat verloop nie, maar ook belangrike lewensvaardighede ontwikkel. Huiswerkies gee aan kinders die geleentheid om van kleins af verantwoordelikheid te leer en te verstaan dat elke lid van die gesin ’n rol het om te speel. Wanneer kinders gereeld klein take verrig, ontwikkel hulle selfvertroue omdat hulle ervaar dat hulle iets self kan voltooi en dat hul bydrae waardevol is. Hierdie gevoel van prestasie motiveer hulle om meer onafhanklik te raak en nuwe take aan te pak.

**Die belangrikheid van roetine**

Roetine speel ’n baie belangrike rol in ’n kind se emosionele en sosiale ontwikkeling. Wanneer huiswerkies deel word van die daaglikse of weeklikse roetine, leer kinders dissipline en konsekwentheid. Hulle begin verstaan dat sekere take op sekere tye gedoen moet word en dat verantwoordelikheid nie net afhang van wanneer hulle lus voel nie. ’n Vaste roetine help ook kinders om veilig te voel omdat hulle weet wat van hulle verwag word. Dit verminder konflik in die huis omdat take vooraf duidelik is en deel word van die normale huishoudelike patroon.

**Vaardighede wat kinders aanleer**

Deur eenvoudige huiswerkies leer kinders baie meer as net netheid:

Hulle ontwikkel tydsbestuur.
Hulle leer om opdragte te voltooi.
Hulle oefen probleemoplossing wanneer iets nie uitwerk soos beplan nie.
Hulle bou deursettingsvermoë wanneer take moeite verg.
Hulle leer samewerking binne die gesin.

Kinders wat gereeld verantwoordelikheid kry, verstaan ook later beter dat werk en inspanning deel is van die lewe.

**Voorbeelde van huiswerkies volgens ouderdom**

**Jonger kinders kan help met:**

Speelgoed optel
Hul bed opmaak
Skoene wegpak
Tafel dek

**Ouer kinders kan verantwoordelikheid neem vir:**

Skottelgoed was of afdroog
Hul eie kamer skoonhou
Wasgoed sorteer
Eenvoudige kos voorberei
Troeteldiere voer

**Waarom dit deur die kwartaal belangrik bly**

Gedurende ’n kwartaal raak kinders maklik vasgevang in skoolwerk, buitemuurse aktiwiteite en skerms. Huiswerkies bring balans en help hulle om steeds betrokke te bly by die gesinslewe. Dit leer hulle dat verantwoordelikheid nie ophou wanneer skool begin nie, maar deel bly van elke dag.

Wanneer ouers konsekwent bly en kinders aanmoedig eerder as om net op foute te fokus, word huiswerkies ’n positiewe ervaring eerder as ’n straf.

**Saam doen maak dit makliker**

Kinders reageer dikwels beter wanneer ouers self saam betrokke is. Om saam die kombuis reg te pak, saam kos te maak of saam die tuin nat te lei, skep nie net verantwoordelikheid nie maar ook kwaliteit tyd tussen ouer en kind.

Uiteindelik help huiswerkies kinders om sterker, meer selfstandig en beter voorbereid vir die toekoms te wees – een klein taak op ’n slag.

# DA calls for urgent repairs to failing stormwater drainage infrastructure in Koppies

*by Cllr. Carina Serfontein - DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) has written to the Municipal Manager (MM) and intensified oversight to ensure urgent intervention and repairs to the failing stormwater drainage infrastructure in Koppies, which has remained unresolved since September 2025. This continued neglect has directly affected residents, as collapsing infrastructure has led to persistent flooding, property damage, and growing safety risks within the community.

Critical water drainage pipes in the affected area have collapsed, and no adequate repairs have been undertaken. As a result, the situation has deteriorated significantly, particularly during the current rainy season, which has intensified water flow and placed additional pressure on already failing infrastructure.

Several homes on the affected street are now directly affected, with residents experiencing persistent water accumulation, property damage, and increased safety risks. What was initially an infrastructure concern has now escalated into a matter affecting residents' daily living conditions.

The DA finds it unacceptable that such a prolonged delay in addressing essential infrastructure has persisted, especially where it directly impacts vulnerable communities.

**We urge the MM to act now and deliver the following:**

Immediate repairs or replacement of the damaged stormwater drainage pipes are prioritised,

A comprehensive technical assessment of the affected infrastructure is conducted,

Temporary measures are implemented to mitigate water flow during ongoing rainfall.

A clear and transparent timeline for resolution is communicated to residents.

Failure to act decisively will result in further damage to infrastructure, increased financial burden on both residents and the municipality, and potential health and safety hazards.

The DA remains committed to holding the administration accountable and to ensuring that residents receive the basic services they are entitled to.

# UIT DIE PEN: Week 15



Die eerste stoomlokomotief is in 1804 gebou. Dit kon goedere vanaf punt A na punt B vervoer. Kommersiële stoomlokomotiewe is in 1812 deur Matthew Murray in Engeland ontwikkel. Robert Stephenson en sy maatskappy bou toe die eerste lokomotief wat trokke met mense vervoer.

Dit klink vreeslik as ek praat van “trokke”, maar dis hoe dit aanvanklik gelyk het. Dit was in 1825. Stephenson word gesien as baanbrekers in hierdie geval. Hy het ook die eerste spoorvervoer tussen verskillende dorpe ingespan.

’n Stoomenjin, so lees ek, gebruik sy eie krag om vorentoe of agtertoe te beweeg. Daar word gewoonlik van steenkool of hout of olie gebruik om water warm te maak. Die watervolume vergroot dan tot 1 700 keer sy volume en wanneer die gas vrygestel word, stoot dit letterlik die enjin vorentoe.

My gryse ou pa het op die spoorweë gewerk. Desjare was daar mos net een weg, en dit was die spoorweg. Ek was al by my sinne toe my gryse ou pa begin boer het.

My boeties het baie stasiestories om te vertel. Van swart roet en peronne en sinjale en stasis. Hulle het, as skoolkinders, vir vakansiewerk sinjale getrek by die spooroorgange.

My gryse ou pa was doerie tyd mal oor die liedjie, Tussen Treine. Die refrein lui:

*Tussen treine, tussen stasies, lê daar basies*
*Net die leë spore*
*Tussen treine, tussen stasies,*
*lê die leë spasies*
*van die onskuld nou verlore*

So bietjie weemoedig.

Ek het steeds ’n droom van ’n rooi stasiehuis wat oor die see uitkyk.

Wanneer laas het jy ‘n stoomlokomotief gesien? Wanneer laas het jy ’n stroomlokomotief gesien dat deur ’n kosmosveld ry?

Standstone Estate is geleë tussen Ficksburg en Fouriesburg in die hart van die Oos-Vrystaat. Gedurende die Paasnaweek hou hulle die Sandstone easter Cosmos Festival. Soos wat die oos-Vrystaat oor die Paasnaweek lyk, pronk die velde met hulle pienk klere. Ek is nie gek na kosmosse nie, maar hierdie is iets anders. Waar die meeste kosmos ligpienk en wit is, is hierdie kosmosse besonder donker.

Behalwe vir die kosmos, is daar ’n regtige stoomtrein wat op die plaas rondry. Daar is ’n korte wat vermaak verskaf aan die kinders (en grootmense!) en dan is daar ’n stroomtrein met 9 waens wat vir twee ure deur die plaas ry. Hier en daar toet hy en stop ook om water te kry.

Ouma is ook ’n lokomotief. Sy ry op en af en vervoer ou trekkers. Die stokou trekkers is styf vasgemaak op die wa.

Daar is antieke en nuwe weermagvoertuie en trokke. Selfs twee ou padrollers wat met stoom werk. Iewers sit ’n tannie en spin wol uit ’n sak pas geskeerde skaapwol. Die wol het nog klossies en blaartjies in.

Af en toe kom daar ’n ou Harley Davidson met ‘n *side car* by ons verbygery. Dit brul regtig soos *doeriejare* se motorfiets. Kinders en grootmense kyk verwonderd en wil graag ’n draai ry.

In ’n saal is daar ’n hele klomp enjins. Die soort wat jy nog met ’n slinger aan die draai moes kry. Iewers in my kop kan ek die poef-poef-poef van ’n Listerenjin onthou, en ons stap nader. Daar is drie ooms wat aan die enjin peuter. Hulle is almal vrywilligers van so ver as Durban. Enjinentoesiaste. Hulle kom gereeld Sandstone toe en kom werk aan die enjins. Hulle kry ’n groot ou Lister aan die gang, en die ding vibreer so baie dat hy amper die saal uit is voordat hulle hom gestop kry.

Ons het kaartjies om vir twee ure met die trein te ry. Toe ons wegtrek, sien ons ’n ou Jeep en en ’n Sherman Tenk wat saam met ons ry. Die Tenk laat waai nogal om by die trein te hou. Daar is ook twee ander ou weermagvoertuie wat saam ry. Hier langs ons kom ’n Chev, uit die dertigerjare dink ek, wat saam met ons ry.

Wanneer jy by die kompartement se venster uithang, sien jy net ’n string koppe: almal is ewe nuuskierig om te sien wat buitekant aangaan.

Dis asof ons in ’n oudtydse fliek is: ons ry met die stoomtrein wat toet-toet, en ewe skielik ry daar ’n ou kar saam met ons. Die vrou in die passasiersitplek het ’n serp om haar nek en sy lyk soos Audrey Hepburn.

Daar is drie Tiger Moths wat heen en weer oor die trein vlieg. Hulle maak formasies in die lug wat ons monde laat oophang.

Die kosmos glimlag vriendelik en elkeen wat saam ry *jil* en lag van plesier.

Ons trein stop by ’n stasietjie om water te kry, en ons klim uit en neem mooi fotos tussen die blomme. Daar is ’n windpomp wat sy nek tussen die plate blomme laat uitbeur.

Met ons terugrit, is daar ’n ou Jeep wat saam ry. Die vliegtuie kom haal ons halfpad en vlieg oor en oor ons.

Om te dink dat die meeste van die mense wat daardie dag op die plaas gewerk het, private entoesiaste is wat hulle stokperdjies kom beoefen. Ek dink nie hulle word betaal nie. Maar ek kan sien dat hulle heerlike plesier put uit die “oudtydse” werk wat hulle doen. Die oom met die ou Chev ry elke jaar uit Eswatini, met dieselfde kar, om Sandstone toe te kom. Ons het uit die besige Gauteng gery om na vervloë dae se vervoer en enjins te kyk.

En wat ek hierbo beskryf het, is nie eers ’n deel van wat daar te sien is nie.

Ek het hierdie week geleer dat daar nog mense is wat iets doen omdat dit lekker is, en omdat hulle iets kan toevoeg aan ander se lewens. Iets wat aan hulle wonderlike vreugde gee.

Mag ou Robert Stephenson se enjins nooit ophou stoom nie.

# Orde en Organisasie Sentraal by Heilbron se Huis- en Tuinbouklub

Die Heilbron Huis- en Tuinbouklub het tydens hul Maart-vergadering ’n inspirerende en insiggewende byeenkoms aangebied, waar lede praktiese raad ontvang het oor hoe om orde in hul daaglikse lewens te bring – van papierwerk tot klerekaste.

Die gaste van *Friends @62* is hartlik verwelkom, waarna die plaaslike rekenmeester, Louise Snyman, die gehoor toegespreek het oor finansiële administrasie. Sy het die konsep van organisasie op ’n treffende wyse verduidelik deur dit met tuinmaak te vergelyk. Volgens haar bestaan daar, net soos in ’n tuin, verskillende style van organisering. ’n Formele “tuin” verteenwoordig netjies geliasseerde dokumente wat duidelik gemerk is, terwyl ’n meer informele benadering steeds effektief kan wees mits alles volledig en sistematies bewaar word.

Snyman het verder beklemtoon dat papierwerk, soos tuine, in “seisoene” funksioneer. Sekere administratiewe take vereis gereelde aandag, soos BTW-indienings wat op vasgestelde tye gedoen moet word. Sy het die belangrikheid van mediese dokumente en betaalde kwitansies onderstreep. Volgens haar is die “goue reël” dat alle dokumunte, wat verband hou met jou uitgawes, en wat inkomste genereer, moet bewaar word. Deeglike liassering, verkieslik alfabeties en logies, kan nie net tyd spaar nie, maar ook kostes verminder aangesien ouditeure per uur werk.

Sy het ook verwys na sogenaamde “meerjarige plante” in ’n tuin, wat vergelyk kan word met langtermynbates. Dit sluit dokumente soos waarborge, kontrakte, voertuig- en eiendomspapiere, asook trust- en maatskappydokumentasie in – alles wat oor ’n lang tydperk veilig bewaar moet word. Die belangrikheid van ’n goed georganiseerde boedelleêr, met noodsaaklike dokumente soos identiteitsdokumente, huweliksooreenkomste, testamente en polisse, is ook uitgelig.

Volgens Snyman is daar nie ’n enkele korrekte manier om papierwerk te organiseer nie – die kern is dat dokumente veilig gehou word en maklik opgespoor kan word deur alle huishoudingslede.

Die fokus het daarna verskuif na klerekasorganisasie, waar die bekende klerekasbeplanner, Surene Strydom, praktiese wenke gedeel het. Sy het aanbeveel dat klere volgens kleur gehang word om die aantrekproses te vergemaklik, terwyl broeke en rompe apart gehou behoort te word. Spasiebenutting, ’n algemene uitdaging, kan verbeter word deur slim bergingsoplossings.


*Spreeksters Louise Snyman & Surene Strydom Bestuurslid Georgina Weiss.*

Onder haar voorstelle was die gebruik van plastiese houers vir seisoenale items soos sandale, wat maklik weggebêre kan word wanneer winterskoene benodig word. Sy het ook beklemtoon dat sigbaarheid van items die daaglikse keuses vereenvoudig. Juwele kan netjies gehang of in houers met afskortings gebêre word, terwyl kreatiewe oplossings soos potdekselhouers vir handsakke en houers vir sonbrille en haarbykomstighede praktiese organisasie bevorder. Klein items soos camisoles kan opgerol en in lang houers gebêre word om spasie optimaal te benut.

Die vergadering is afgesluit met ’n eenvoudige maar kragtige boodskap: *“Put down or put away.”* Hierdie gedagte dien as herinnering dat orde begin by klein, daaglikse gewoontes.

Die byeenkoms het weereens bevestig dat goeie organisasie – of dit nou in jou tuin, papierwerk of klerekas is – ’n waardevolle bydrae lewer tot ’n meer gebalanseerde en rustige leefstyl.

# Huppel Trippelaars gee hulle verbeelding vlerke


*Op die foto Hettie van Tonder kry dit reg, maar Rosa Botes (links) en Fransie Botha (regs) konsentreer nog dat die rook draai.*

As jy nie die beroep beoefen het wat jy wél beoefen het nie.... wat ánders sou jy baie graag wou doen? Dit het gelei tot die interessantste antwoorde. Ek sou graag 'n beroeps-fotograaf wou wees. Of ek sou graag die kostuums vir operasterre wou maak. Of ek sou graag 'n aktrise wou wees, of 'n onderwyser; of ek wou nooit iets anders as 'n onderwyser wees nie... en ek het dit my lewe lank gedoen. My droom het waar geword. Hierdie is 'n gespreks-onderwerp wat 'n mens met nuwe oë laat kyk na iemand wat jy gedínk het jy ken. Die lede het ook met groot konsentrasie probeer om 'n kort stokkie tussen hulle vingers te rol.

(Dit het gesorg vir oulike foto's).

Oor twee weke hou ons ons rolstoeldag - wat al 'n instelling geword het. Kom geniet 'n lekker ontspanne oggend op 21 April - voordat dit koud word. Sien jou daar!


*Op die foto bo: Sarah du Plessis wys vir Marietjie du Randt hoe om dit te doen.*










NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

**NOTICE FOR PROPOSED DRAFT NGWATHE COMMONAGE BY-LAW FOR PUBLIC COMMENTS**

1. The following **Draft Commonage By-Law** for the Ngwathe Local Municipality contained in the schedule hereto, is hereby in terms of Section 12(3)(b) of the Local Government: Municipal Systems Act No. 32 of 2000 published for public commenting, to enable the Council to consider the adoption thereof after comments have been received and considered.

2. Written comments must be handed in at the **Office of the Municipal Manager, Municipal Offices, Liebenberg, Parys, 9585**, or posted to the **Municipal Manager, PO Box 359, Parys, 9585**, or faxed to the Municipal Manager at **(056) 816-2700**, or sent by e-mail to the Office of the Municipal Manager to at **mmadmin@ngwathe.co.za**.

3. Comments must reach the Office of the Municipal Manager **not later than 21 (twenty-one) calendar days** after the date of this publication. Comments received after this date will not be considered.

4. Copies of the draft by-law will also be available at **Municipal Offices and Libraries** in all towns in the Office of the Director for Corporate Services during normal office hours. The draft by-law is also published on the municipal website at **www.ngwathe.fs.gov.za**.

5. Persons who are not able to read or write, and those who wish to comment on the draft by-law, will be assisted by the Office of the Director for Corporate Services during office hours at the Municipal Offices. Mr T Motshoikha (Director for Corporate Services) can be contacted at (056) 816-2700 for any further enquiries on this advert.

**DR FP MOTHAMAHA**
**MUNICIPAL MANAGER**

# Heilbron-rolbalster blink uit by Sables Power Pairs-toernooi



Heilbron kan trots wees op een van sy eie, nadat rolbalklub-lid Elna Steyn onlangs 'n uitstekende prestasie behaal het tydens die gesogte Sables Power Pairs-toernooi in Krugersdorp.

Steyn en haar spanmaat, Hannes van Eeden, het met vasberadenheid en deursettingsvermoë meegeding teen sterk kompetisie van regoor die land. Ná vier dae se intense rolbalaksie het die span 'n indrukwekkende bronsmedalje losgeslaan uit 'n veld van 48 spanne en 96 spelers.

Die toernooi was geen maklike taak nie. Spelers het daagliks drie wedstryde van 15 koppe elk gespeel, wat op 'n totaal van sowat 720 balle neerkom – 'n ware toets van konsentrasie, stamina en spanwerk.

Volgens Steyn was die harde werk en toewyding die moeite werd. "Dit was ongelooflike energie en inspanning, maar elke oomblik was dit werd," het sy gesê.

Sy het ook haar dank uitgespreek teenoor haar spanmaat vir sy ondersteuning en samewerking deur die toernooi, asook teenoor die aanbieders, Sables Bowling Association, vir 'n puik gereëlde geleentheid.

Die prestasie is nie net 'n persoonlike hoogtepunt vir Steyn nie, maar ook 'n trotse oomblik vir die Heilbron-rolbalklub en die breër gemeenskap.

Met sulke deursettingsvermoë en talent is dit duidelik dat Heilbron se rolbalspelers hul merk op groter vlakke begin maak.

NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

**NOTICE FOR PROPOSED DRAFT NGWATHE BUILDING CONTROL BY-LAW FOR PUBLIC COMMENTS**

1. The following **Draft Building Control By-Law** for the Ngwathe Local Municipality contained in the schedule hereto, is hereby in terms of Section 12(3)(b) of the Local Government: Municipal Systems Act No. 32 of 2000 published for public commenting, to enable the Council to consider the adoption thereof after comments have been received and considered.

2. Written comments must be handed in at the **Office of the Municipal Manager, Municipal Offices, Liebenberg, Parys, 9585**, or posted to the **Municipal Manager, PO Box 359, Parys, 9585**, or faxed to the Municipal Manager at **(056) 816-2700**, or sent by e-mail to the Office of the Municipal Manager to at **mmadmin@ngwathe.co.za**.

3. Comments must reach the Office of the Municipal Manager **not later than 21 (twenty-one) calendar days** after the date of this publication. Comments received after this date will not be considered.

4. Copies of the draft by-law will also be available at **Municipal Offices and Libraries** in all towns in the Office of the Director for Corporate Services during normal office hours. The draft by-law is also published on the municipal website at **www.ngwathe.fs.gov.za**.

5. Persons who are not able to read or write, and those who wish to comment on the draft by-law, will be assisted by the Office of the Director for Corporate Services during office hours at the Municipal Offices. Mr T Motshoikha (Director for Corporate Services) can be contacted at (056) 816-2700 for any further enquiries on this advert.

**DR FP MOTHAMAHA**
**MUNICIPAL MANAGER**

NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

**NOTICE FOR PROPOSED DRAFT NGWATHE OUTDOOR ADVERTISING BY-LAW FOR PUBLIC COMMENTS**

1. The following **Draft Outdoor Advertising By-Law** for the Ngwathe Local Municipality contained in the schedule hereto, is hereby in terms of Section 12(3)(b) of the Local Government: Municipal Systems Act No. 32 of 2000 published for public commenting, to enable the Council to consider the adoption thereof after comments have been received and considered.

2. Written comments must be handed in at the **Office of the Municipal Manager, Municipal Offices, Liebenberg, Parys, 9585**, or posted to the **Municipal Manager, PO Box 359, Parys, 9585**, or faxed to the Municipal Manager at **(056) 816-2700**, or sent by e-mail to the Office of the Municipal Manager to at **mmadmin@ngwathe.co.za**.

3. Comments must reach the Office of the Municipal Manager **not later than 21 (twenty-one) calendar days** after the date of this publication. Comments received after this date will not be considered.

4. Copies of the draft by-law will also be available at **Municipal Offices and Libraries** in all towns in the Office of the Director for Corporate Services during normal office hours. The draft by-law is also published on the municipal website at **www.ngwathe.fs.gov.za**.

5. Persons who are not able to read or write, and those who wish to comment on the draft by-law, will be assisted by the Office of the Director for Corporate Services during office hours at the Municipal Offices. Mr T Motshoikha (Director for Corporate Services) can be contacted at (056) 816-2700 for any further enquiries on this advert.

**DR FP MOTHAMAHA**
**MUNICIPAL MANAGER**

# KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING**
In die boedel van wyle **ANNA SOPHIA MULLER,** Identiteitsnommer 3702110042080, wie ongetroud was, wat woonagtig was te Bergsig Woonstel 4, Distrik Frankfort, Provinsie Vrystaat, wie oorlede is op 13 Junie 2023, **boedel nommer 006143/2023.**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros in Heilbron, Vrystaat, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**JG POTGIETER & VENNOTE INGELYF**
**BREËSTRAAT 33, POSBUS 199**
**HEILBRON, 9650**
**GEREGISTREERDE OUDITEUR**

---

**KENNISGEWING VAN TERINSAELEGGING**
In die boedel van wyle **CATHARINA CAROLINA ELIZABETH NAUDE, ID 200115 0032 080,** in lewe weduwee en woonagtig te Huis-Bron-van-Heil ouetehuis, Heilbron, Provinsie Vrystaat.
**Meesterverwysingsnommer: 008669/2023**
Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5) van Wet No. 66 van 1965 dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel in die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te Bloemfontein en in die kantoor van die Landdros te Heilbron, vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê.
Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde rekening.
**LOUISE SNYMAN**
**RINGERSTRAAT 68, HEILBRON**
**082 965 4964**

---

Vorm JJJ
**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS**
Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T1070/1994** geregistreer in die naam van **GABRIEL JACOBUS KRIEL, Identiteitsnommer: 461106519085 en JACOBA MARGRIETHA GETRUIDA KRIEL, Identiteitsnommer: 511217 0012 08 0,** Getroud binne gemeenskap van goed met mekaar
ten aansien van sekere ERF 433 REITZ, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 8ste dag van April 2026.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERS STRAAT, REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**Tel: 058 863 2884 / 5**

BOOMERANG SKOOLTASSE NOG BESKIKBAAR BY



Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033

STROOP VAN SOJAS



PAUL KEOGH
071 363 4129

# FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National



SELF-INKING DATER STAMPS




SELF-INKING STAMPS

Herald
Office National
Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033

TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**



Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Herald Office National

POSTNET HEILBRON
**BESIGHEIDSURE**
MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30
SATERDAE: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

POSTNET Digital

Need a Criminal Record Check?
Get Quick & Convenient Results Today!

| | |
|---|---|
| 24 - 48 hours: | R335 incl. VAT |
| 5 Hours: | R395 incl. VAT |
| 2 Hours: | R565 incl. VAT |

HURU
Visit PostNet Heilbron for more details
Disclaimer: This service is not a Police Clearance Certificate.Terms & Conditions Apply For more information, visit www.huru.co.za

POSTNET HEILBRON
COLLECTION & DELIVERY
Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY
R150 per parcel
SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK



BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL
heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

# SMALLS

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
*Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.*

Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# HERALD Sport




# Tulani Malgas seëvier in April Maandbeker

Tulani Malgas het uitstekende gholf gespeel om die April Maandbeker te wen met ’n indrukwekkende netto telling van 69. Sy konsekwente spel het hom die oorhand gegee in ’n mededingende veld.

Arno Swart het tweede geëindig met ’n goeie telling van 71, terwyl Willem Loots die derde plek beklee het met 74.

Intussen sien die plaaslike gholfgemeenskap ook uit na die komende AP Kerk Gholfdag wat op 11 April by Heilbron Gholfklub plaasvind. Die dag beloof om groot belangstelling te lok met ’n *shotgun start* om 11:00 en inskrywings wat 18 gaatjies, halfwegetes en ’n aandete insluit.

Die inskrywingsfooi is R400 per speler, met ekstra etes beskikbaar. Belangstellendes kan Gerbus kontak om hul plek te bespreek.

Beide die Maandbeker en die komende gholfdag bevestig weer die sterk deelname en entoesiasme vir gholf in die Heilbron-omgewing.



*Op die foto: Willem Loots oorhandig maandbeker aan Tulani Malgas.*

## Reitz Hengelklub Nuus

Op Saterdag, 28 Maart 2026 het Reitz Hengelklub 'n kompetisie gehengel by Thys le Roux se dam vanaf 07:00 tot 17:00 en 14 hengelaars het deelgeneem.

Rudi Smit het die grootste volskub karp van 2,780 kg gevang. Sandra Linde het die grootste volskub karp van 3,970 kg gevang tydens die nag-kompetisie. Bertus du Preez het die grootste Baber van 3,270 kg gevang en die swaarste sak vis van 17,990kg gevang.



*Sandra Linde*



*Bertus du Preez*



*Rudi Smit*

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG -13 APRIL 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
STANDERTON Aanlyn veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
DINSDAG - 14 APRIL 2026
SONOP BV DIGITALE VEILING: 11:00, STANDERTON
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
WOENSDAG - 15 APRIL 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674
DONDERDAG - 16 APRIL 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
ABERFELDY Twee-maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
VRYDAG - 17 APRIL 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

Vleissentraal Heilbron
MAANDELIKSE VEILINGS IS OOP!
Dinsdag, om 10:00
21 April 2026 te Veilingskrale
NB! Veiling vind plaas onder streng Biosekuriteitsreëls.
Kraalbespreking moet 48 uur voor die veiling bevestig word met 'n bemarker.
Met elke Veiling moet Alle Vee vergesel word met:
- Veeverwydering Sertifikate - (Artikel 6 & 8)
- Afskrif van Brandsertifikaat
- Afskrif van ID
- Elke dier moet 'n oorplaatjie inhê met duidelike nommer vir identifikasie
- GPS Koördinate van oorsprong
- Alle diere moet geïnspekteer word Gesondheidsverklaring (geteken deur die boer)
- Alle diere moet vergesel wees van 'n veearts of gesondheids-inspekteur papiere voor dit by veiling aankom.
Vir navrae en inskrywings, kontak u naaste Vleissentraal bemarker.

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za

Elsstraat 44,
Heilbron




VIR DIE BEMARKING VAN
U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE
VAN ONS BEMARKERS
VIR U KRAAL BESPREKING